

Maandag 3 Oktober

Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-38 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Nehemia 9:20

“U het u goeie Gees gegee om hulle te onderrig ...!”

Die sewende maand van die jaar was vir die Israeliete in Esra en Nehemia se tyd ’n feesmaand (Neh. 8:15). Nie alleen het die hele volk soos een man bymekaar gekom om te eet en te drink en uit te deel nie (Neh. 8:11), maar hulle het ook na die huttefees gekom om na die wet van die Here te luister (Neh. 8:3). Op die 24ste dag van die feesmaand het die volk dan ook vir ses ure lank op die bepaalde vasdag op hulle plekke bly staan om na die voorlesing uit die wet van die Here te luister (Neh. 9:3). Ná die voorlesing van die wet is die fees- en vasdag-samekoms afgesluit met ’n verdere ses ure se staan vir die lofprysing van die Here en die onderneming aan die Here.

Tog sou hierdie uitputtende geloofshandeling sonder enige betekenis wees as die 12 ure se staan maar net ’n ritueel of ’n gewoonte-handeling was. As die volk nie ook in die hart aangeraak is en tot bekering en nuwe ywer en toewyding gelei is nie, was alles tevergeefs.

God het egter in sy wysheid geweet dat sy *goeie Gees* nodig is om die volk in die geloof op te bou! Daarom besing die Leviëte die Here se goddelike voorsienigheid omdat Hy ook sy *goeie Gees gegee het om hulle te onderrig* (Neh. 9:2). God se woorde en God se werke word vir hulle betekenisvol wanneer sy *goeie Gees* die betekenis aan hulle openbaar. Sonder die Gees van God is geen onderrig in sy Woord volkome nie. Sonder die Gees bly die Bybel ’n verhaal, ’n “storieboek” op die bedkassie, ’n verhaal in swart letters op wit papier.

Wanneer die Gees die Woord vir ons openbaar, dan sien ons die Bybel is *lewend en kragtig en skerper as ’n tweesnydende swaard* (Heb. 4:12), dan leer ons ons Verlosser ken, dan dra ons die vrugte wat by ons bekering pas. Die *goeie Gees* van God is sy grootste gawe aan die kerk. Laat ons daarom soos Dawid bid: “*Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!*” (Ps. 51:11), want sonder Hom is ons geloof maar net ’n ritueel en ’n gewoonte!

Sing: Psalm 139:1, 3, 12 (1936)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)